Reëls vir die bedryf van n stalletjie by die Pretoria Boeremark

Toelating

- Landbouprodukte, kos of handgemaakte kuns artikels word toegelaat; n stalletjie per kategorie.
- Die Pretoria Boeremark behou homself die reg voor om van tyd tot n moratorium op sekere produkte te plaas, al is die produk in die vereiste kategorie.
- Geen termynkontrak word gesluit nie maar stel ons asb. in kennis indien u nie langer u stalletjie gaan benut nie, sodat die stalletjie vir iemand anders aangebied kan word.

Werkswyse

- n Stalletjie moet u self kom kies een week voor u gereed is om te begin.
- By die kantoor op die terrein kom neem u die terreinplan met u selfoon af en gaan kyk op die terrein waar die oop stalletjies is.
- Bevestig dan met ons in die kantoor die nommer waarop u besluit het.
- U het tot die daaropvolgende Woensdag tyd om die betaling te maak, **indien geen bedrag ontvang is nie, kanselleer ons die hou op die stalletjie nommer.**

Stalletjie fooie

U stalletjie betaling word aangewend vir terrein onderhoud en word ook na TLU SA gekanaliseer wat 100% aandeelhouding in die Pretoria Boeremark het. TLU SA is die oudste landbou organisasie in SA en sy missie is om boere volhoubaar op hul grond te hou. Die stiptelike betaling van u stalletjie fooie dra daartoe by.

- Eerste Saterdag se koste is R620 wat uit n toetree fooi van R400 + stalletjie fooi van R220 bestaan.
- Die toetree fooi van R400 is onder geen omstandighede terugbetaalbaar nie.
- Een stalletjie se koste is R220 per Saterdag, twee stalletjies is R440 per Saterdag ens. **Let asb. daarop dat stalletjies betaal moet word al is u nie by die mark nie.**
- Stalletjie fooie is vooruitbetaalbaar in die rekening van die Pretoria Boeremark

Pretoria Boeremark
FNB
Tak: 250 845
Rekening nommer: 6238 3915 629

- Weeklikse inbetalings moet voor die Saterdag in die bankrekening reflekteer.
- Gebruik asb. u stalletjie nommer as verwysing, indien u van stalletjie verander onthou asb. om ook die verwysing op u betaling te verander.

Voertuie

- ***Geen voertuie mag op die mark terrein beweeg tussen 5:30 en 10:00 nie, u gaan u staanplek verloor indien u nie hierdie reël gehoorsaam nie.***
- Geen voertuie mag op die terrein parkeer behalwe in areas waar voertuie wel toegelaat is. U sal daarvan in kennis gestel word.
- Wanneer u stalletjie soggens opgeslaan is, gebruik asb. die parkeerarea aan die suide kant om te gaan parkeer.

Stalletjies

- Bring u eie tafels, stoele en gazebo ens. vir u stalletjie.
- U moet u staanplek opgeruim en skoon agterlaat.
- Geen stalletjies mag gedeel word nie.
- Geen stalletjies mag skuif sonder die toestemming van die mark bestuurder nie.
- ***Slegs produkte waarvoor u geregistreer het mag verkoop word.***
- Elektrisiteit is nie oral op die terrein beskikbaar nie, indien u wel n stalletjie kry waar dit beskikbaar is en u gebruik dit is dit weekliks betaalbaar teen of R20 vir ligte of R50 vir ander toestelle.
- U mag geen elektrisiteit sonder die toestemming en voorgeskrewe verlengkoord gebruik nie.
- Kragopwekkers is slegs toegelaat in geval van beurtkrag.
- U moet aan die wetsvereistes m.b.t. u produk, asook die werksaamhede by u stalletjie voldoen bv. indien u met gas kook die nodige brandbestryding items by u stalletjie hê.
- Geen bemarkingsmateriaal mag deur enige stalletjie in die loop-/ryvlak gesit word tydens die mark ure nie.
- Indien u vir welke rede vuur maak moet die kole te volle geblus wees en die as in die vierkantige beton houers wat op die terrein voorkom geplaas word.

Algemeen

- ***Indien u nie u by die mark gaan wees nie stel ons asb. daarvan in kennis deur of ’n SMS na 079 987 1025, of ’n epos te stuur na ptaboeremark@tlu.co.za.***
- Enige geskille of probleme moet na die mark bestuurder verwys word en indien die probleem nie opgelos word nie sal die aangeleentheid na die direksie verwys word.
- Enige klagte ontvang van n koper oor u produk sal direk aan u gekommunikeer word vir u verdere hantering van die klagte met die koper.

PRETORIA BOEREMARK

Voltooi asb. hierdie vorm en stuur per faks 012 804 2014, per epos na ptaboeremark@tlu.co.za of bring dit per hand na die kantoor (houthuisie).

Stalletjie inligting NO: _____

Volle name en van:

.....

Telefoon:

.....

Selfoon:

.....

Epos:

.....

Naam van besigheid:

.....

Produk(te) wat u verkoop :

.....

.....

.....

.....

.....

HIERMEE BEVESTIG EK DAT EK DIE REELS DOKUMENT GELEES HET, DIE INHOUD DAARVAN VERSTAAN EN AT EK BY DIE REELS SOOS HIERIN UITEENGESIT SAL HOU.

Handtekening:.....

Datum: .....